SAWA Noord-Boland

Kampnuus (ATKV Goudini)

Jaargang 44, Kampnuus 6
September 2026





Bestuur – 2026/27

Voorsitter	Marius van der Mescht	083 651 8547	alma.marius@gmail.com
Ondervoorsitter	Johan Zaayman	084 682 8934	stuworcester@gmail.com
Sekretaresse	Elzané Kellerman-Schietekat	082 078 1558	elzanekellerman@gmail.com
Penningmeester	Louise de Wet	084 941 1993	finance@norsa.org
Skakelbeampte	-		
Addisionele Lid	Estie Viljoen	082 415 5052	estieviljoen59@gmail.com
Addisionele Lid	Filipe Valverde	082 569 4881	valverde.filipe@gmail.com

Inhoud : Inleiding / Kampnuus / Kampprogram

Inleiding

Goeiedag almal,



Die 2026 AJV, en nog 'n Sawa Kampjaar, is iets van die verlede.

Hiermee ons nuutse Kampnuus. Baie dankie Roné Sills, vir die mooi skrywe oor die naweekkamp self. Ek en 6 ander NB/HB sawanante, was op 'n proefkonyn *"off-grid" toer* in die Namaqualand Weskus sandveld (sien onder en ook die plasing op die NB webblad).

Gebied Goeie Hoop se 2026 *gesamentlike AJV's* was 28-30 Augustus te ATKV Goudini (sien Roné se beskrywing onder van die sawanante se Goudini kamp doen en late).

Dankie aan Streek Albatros en ander helpers wat betrokke was met die reëlings van die AJV-naweek; so 'n saamtrek verg baie moeite agter die skerms. Ons ander sawanante is baie dankbaar vir die hardwerkendes!

6 Noord-Boland lede en 4 gaste het by *Goudini* gekamp. En 20 NB stemgeregtigdes en 4 besoekers het ons AJV bygewoon.


Laastens! Ons nuwe Wimpel is ingewy tydens die AJV - lang lewe *Noord-Boland!!*

Sien mekaar komende naweek by Onrusrivier Woonwapark *11/13 Sept '26*

Filipe

Kampnuus - ATKV Goudini





Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
SAWA

South African Caravan Association
SACA

SAWA Gebied Goeie Hoop – Gesamentlike AJV 2026

Die Gebied nooi u hartlik uit na ons saamtrek te ATKV Goudini Spa/(Stillewaters - Noord-Boland en Louis Havenga) - 28-30 Agustus 2026

Tarief: R1200 vir die naweek (6 Persone per plot. Plotte mag gedeel word insluitend twee woonwaens, waentjies of tente – snr saamtrek is vanaf Sondag tot Donderdag teen R387 per plot per nag – lede mag deel

Vrydag: 14:00 Inkomtyd 12:00, indien nie self gereël het vir vroeër nie

19:00: Boekevat - Suidwes-Kaap

Saterdag: AJV vergaderings by De Eike Restaurant se saal

8:00 Helderberg

9:15 Suidwes-Kaap

10:30 Noord Boland

11:45 Albatros

Elke streek nuttig 'n ontbyt of middag ete na hul verskeie vergaderings by Die Eike Restaurant. Alle toekennings Streek/Gebied asook man en vrou van die jaar toekennings word by die verskeie vergaderings hanteer.

Belangrik: Die ete is vir elkeen se eie rekening, Spyskaart word aageheg. Almal moet vooraf hulle bestellings plaas.

Na afloop van die geleentheid kan almal lekker saam kuier, die rugby geniet en rustig kamp

Sondag: 10am Kerk – Albatros

Almal moet om 13:00 uit wees

Kampleiers:

Andre Conradie - Albatros


GOUDINI : AJV 2026

Uiteindelik die langverwagte 2026-AJV te Goudini. En was dit 'n fees, al vier streke saam. Hier kon ons weereens die ou bekende SAWA-familie sien en vriendskappe, wat oor jare se saamkamp opgebou is, ervaar.

Dit was veral vir die skrywer opvallend hoe bly mense was om mekaar te sien, en ook die emosie toe een van die ander streke se oudste lede uit SAWA bedank het en daar met trane van hulle afskeid geneem is. SAWA het verseker nou vir ons familie geword. "DIS LEKKER OM 'N KAMPER TE WEES; JY MOET NET 'N LEKKER KAMPER WEES" sal nou 'n algemene gesegde raak.

Die meeste lede het *Vrydag* opgedaag, en dit was opvallend hoe daar eers gegroet en na bekendes gesoek is voordat die groot opslaan begin het. Wat ook opvallend was, is hoe die ander gou 'n handjie kom gee het as iemand effens gesukkel het.

Toe "iemand" rondom 14:00 daar aanland, was die meeste karavane al opgeslaan en die lid het die staanplek reg in die hoek gekry. Dit het 'n redelike hoë graad van bestuursvernuf geverg om daardie karavaan teen al daardie hoeke op sy plek te kry. Sommer vinnig het die arme bestuurder 11 verskillende gidse gehad wat 11 verskillende bevele gelyk geskreeu het: "Draai links—nee, ander kant toe! Draai regs! Stadiger! Wag, gaan weer vorentoe! Pasop vir daardie paal!" Maar helaas het die karavaan skuins op die staanplek gestaan…







Ons is om 19:00 gepas verwelkom by een van SWK se karavane en sommer met die intrapslag is 'n lemoen in die hand gestop, met die versekering dat dit eintlik 'n appel was… Die gepaste boodskap was dat, as jy 'n lemoen druk, jy die bekende soet geur kry en dadelik weet dis 'n lemoen. As jy gedruk word, moet jy die soet geur van God se bekende liefde uitstraal.

Daarna het almal in hulle groepies gebraai en tot laataand lekker gesit en gesels, terwyl van die mense in die heerlike warm water van Goudini gebaai en net die week se stres laat uitkook het.



Saterdagoggend het al die groepe op hulle onderskeie tye by Die Eike Restaurant vergader om die jaar te beplan, die vorige jaar te bespreek en heerlik te debatteer oor verskilpunte en raakpunte onder die wakende oog van die streekbestuurder. Ons NB groep het so lekker gekuier dat Albatros Streek warm onder die kraag buite moes wag terwyl ons ons prysuitdeling gedoen het, wat jou soms laat lag en soms jou hart met trots laat swel het.



Daarna het ons heerlik geëet en weer lekker gekuier, terwyl 'n paar nuwe projekte bespreek is en ons almal weer gemotiveerd besluit het dat Noord-Boland die plek is om te wees en dat ons vir die ander takke gaan wys: ONS TROS IS ONS TROTS.

Daarna is die toerismeskoene aangetrek en het verskeie wegbreekgroepe die Breedevallei ingevaar. Daar is weereens heerlik gekuier en wyn is liggies geproe en beoordeel. Dit het later so lekker gegaan by een van die kelders dat onbekende besoekers luidkeels aangekondig is en by die kelder ontvang is deur die vrolike Noord-Bolanders, wat hulle met groot handegeklap welkom laat voel het. (Ek dink die onbekende, maar goed verwelkomde, mense wat net vinnig 'n wyntjie kom koop het, het toe hulle ry gesê: "Wie is die mense wat so trots is op hulle trosse?")











Daarna is daar gehaas na die kampplek om vinnig die Springboktruie aan te trek en na die mense te gaan wat so gesukkel het om hulle karavaan skuins op die staanplek te kry, om rugby op 'n skerm saam te kyk.

Hoe soet het die drankies nie na daardie wedstryd gesmaak, ná die heerlike maar spannende wen van die Bokke . Dit het net die vreugdevure hoër laat brand, terwyl almal heerlik saamgekuier het.

Sondagoggend was dit weer Albatros se beurt om die kerkdiens op 'n baie gepaste manier in die pragtige natuur en onder die koorgeluide van die voëls in die bome te hou.





Die boodskap was dat ons, ons nie moet bekommer nie, God sal voorsien. Leef vandag voluit in sy genade, en môre sal God weer voorsien wat jy nodig het. Moet jou nie oor môre bekommer nie, God sal voorsien.

Daarna is die groepe uitmekaar en dié wat nie die voorreg gehad het om langer te staan nie, het begin

afslaan. Daarna was daar die groot groet en die beloftes om mekaar weer by die volgende kamp te sien.



Die kinders het vrolik op hulle fietse gery en dit het ons heimlik laat terugverlang na die dae toe ons kinders so sorgloos op 'n veilige plek, tussen veilige mense so op hulle fietsies gery het.





Ter nagedagtenis : Dit het Saterdag aand onder die "Bestuur" se aandag gekom dat hout gesteel is van n ouer SAWA lid van 'n ander groep deur 'n gryskop man. Na bewering het die ouer man baie lank gesukkel om die houtjies gekap te kry en is die hout met uiterse trots op sy braai hert gepak, waarna dit deur n onbekende gryskop man gesteel is. Al die harde werk net so in n oogwink gesteel... Na vele ondersoeke en kommisies van ondersoeke is die verkeerde man gearresteer, waarop hy hom wou verset, maar onder beheer gepraat is. Die regte skuldige het staatsgetuie gedraai en word om veiligheids redes steeds onder "witness protection" gehou. Die "onskuldige veroordeelde" sal ewig gebrandmerk word as DIE HOUT DIEF van SAWA, wat ou mense van 'n ander SAWA groep se hard gekapte hout gesteel het.



Ter afsluiting is dit altyd vir my so snaaks dat een stel tentpale twee klanke het: die sagte, musikale klank van 'n tentpaal wat val as jy opslaan, en die donderende, oorverdowende geraas as dieselfde paal val wanneer jy afslaan.

Baie geluk aan ons 2026/2027-bestuur. Baie dankie vir al die harde werk wat agter die skerms gebeur. Dankie vir die besondere werk wat julle doen om ons so trots op ons trosse te hou. 'n Besondere gelukwensing aan Filipe, ons nuutverkose bestuurslid. Ons weet jy gaan ook 'n reusebydrae tot die sukses van ons bestuur maak.

Sterkte ook, Filipe, met jou toer. Ons hoop dat alles goed sal verloop en dat julle baie mooi stories vir ons

sal terugbring. (Red: Baie goed afgeloop - loer gerus die FB plasing op die Noord-Boland blad)

Vriendelike Noord-Boland-groete uit die pen van *Rone en Herbert Sills*.


WESKUS TOER: AUG/SEP 2026

'n Paar Noord-Boland lede het vroeër dié jaar besluit om 'n proef, nie-amptelike 7-dae toer te reël na die kusgedeelte van die Namaqualand Nasionale Park. Die doelwit is om nog sulke toere te reël en belangstelling onder ons Lede te toets daarvoor.

Dit is gemik op lede wat 'n belang het in 4x4/"off-grid" uitstappies van so tussen 'n naweek en 'n week lank.

7 Volwassenes het die *afgelope Weskus toer* aangepak met 4 voertuie (4x4 was hierdie keer nodig maar dit hoef nie altyd die geval te wees nie). Ons het almal tente gebruik en moes selfversorgend gewees het. Hoewel daar geen water of krag was nie het van ons reggekom sonder duur "off-grid" toerusting - hierdie was moontlik a.g.v. die korteduur van die toer en met die gebruik van droë ys.

Die roete wat gery is, is onder aangedui.



Van ons het 'n dag vroër gery en eers 'n draai in die Tankwa Karoo gaan maak. Ons almal ontmoet Sondag 30 Augustus by Van Rhynsdorp. Daarvandaan vertrek ons na die 1ste slaapplek te *Groenriviermond* vir 2 aande. Daarna kuier ons weer 2 aande

by *Korringkorrelbaai* en daarna 2 aande in *Hondeklipbaai*. Ons vertrek daarvandaan ons Saterdagoggend huiswaarts.

Die 7-dae ervaring was *een van sielerus* in die ongerepte, stil sandveld van die Namaqualand kusgebied; met hope samesyn, gesels en lekker lag, langs die koue Atlantiese see en om die braaivure. Die weer was koel en die wind het ons tente behoorlik getoets. Als dié is afgewissel met besoeke aan besieningswaardighede soos die Sarrisam Museum en die Spoegriviergrotte, uitkyk vir wild soos bokke, nuuskierige meerkat groepe, jakkalse en 'n enorme kolonie robbe.

Dan was daar die pret gepaard met die toets van ons *sandbestuursvermoëns*; inkluis ons goeie daad vir die dag: Ons help 'n familie wie se voertuig en veldry-sleepwa kombinasie in diep sand vas gesit het.

Die Toer is deur almal baie geniet; ons dank die Vader dat als goed verloop het en dat ons almal weer veilig by die huis teruggekom het.

Kyk gerus na Noord-Boland se *FB webblad* vir die toer-plasing; daar is 'n klomp fotos met beskrywings hier en daar wat 'n goeie idee gee van ons ervarings.

Filipe



NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

Sep	11 tot 13	Helderberg	ONRUS WOONWAPARK, Onrusrivier
Okt	09 tot 16	Helderberg/Noord-Boland	APPELKOSIE, Montagu
Nov	20 tot 22	Noord-Boland	KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP)
Des	Geen kamp		

NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2027

MAAND	DATUM	AANGEBIED DEUR	KAMP OORD
Jan	Vry 15 -> Son 17	Helderberg	LEENTJIESKLIP, Langebaan
Feb	Vry 12 -> Son 14 (TBD)	Noord-Boland	Moet nog bepaal word agv brug wat beskadig is
Mrt	Vry 12 -> Son 14	Gebied	DE HOLLANDSCHE MOLEN (Gebiedskamp)
Apr	Vry 23 -> Din 27	Helderberg	GUANO CAVES - Montagu omgewing (Langnaweek)
Mei	Vry 21 -> Son 23	Noord-Boland	GANZEKRAAL, Grotto Bay
Jun	Vry 18 -> Son 20	Noord-Boland	KLIPRIVIER PARK, Tulbagh
Jul	Geen kamp		
Aug	Vry 13 -> Son 15	Helderberg/Noord-Boland	Wag vir Oord bevestiging vanaf Gebiedbestuur
Sep	Vry 10 -> Son 12	Noord-Boland	BERGENWATER, Rawsonville
Okt	Vry 08 -> Son 10	Helderberg	ONRUSRIVIER WOONWAPARK, Onrusrivier
Okt	Son 10 -> Sat 16	Noord-Boland	STRUISBAAI WOONWAPARK (Wegbreekweek)
Nov	Vry 19 -> Son 21	Helderberg	WOLVENBERG BOSKAMP, Rawsonville (Kerskamp)
Des	Geen kamp		



07 September 2026